SimpleStudy®

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2018

# GEOGRAFIE V1

**PUNTE:** **225**

**TYD:** **3 uur**

*XGEOA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en ŉ addendum van 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.

3. Alle diagramme is in die ADDENDUM ingesluit.

4. Los ʼn lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.

5. Begin ELKE vraag op ʼn NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

7. Nommer die antwoorde in die middel van die lyn.

8. Moenie in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf nie.

9. Teken volledige diagramme waar daar gevra word om dit te doen.

10. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of lys.

11. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, MOET jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

## VRAAG 1

1.1 Bestudeer die volgende weerstasiemodel van Butterworth, FIGUUR 1.1 en beantwoord die onderstaande vrae.




**FIGUUR 1.1**

Gebruik die weerstasiemodel om die aanbiedingsteks vir die program vir televisieweer-aanbieders te skryf. In jou teks noem die volgende weer-eienskappe:

1.1.1 Doupunttemperatuur

1.1.2 Lugtemperatuur

1.1.3 Wolkdekking

1.1.4 Windrigting

1.1.5 Windspoed in knope

1.1.6 Neerslag

1.1.7 Is die temperatuur versadig of onversadig met waterdamp?

(7 x 1) (7)

1.2 Pas die terme in KOLOM B by die beskrywings in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Die studie van die Aarde se fisiese kenmerke en die prosesse wat hulle gevorm het | A | Sedimente |
| 1.2.2 | Groot krake wat ontstaan as gevolg van deurlopende spanning en drukkragte | B | Kors |
| 1.2.3 | Soliede buitenste laag van die Aarde, 5–70 km dik | C | Fossiel |
| 1.2.4 | Stukke rots, klei en ander stowwe uit geërodeerde rotse wat op die bodem van 'n meer of see ophoop | D | Geomorfologie |
| 1.2.5 | Die oorblyfsels van dooie plante of diere wat in rots bewaar is | E | Verskuiwing |
| 1.2.6 | ŉ Buiging van rotse in plooie as gevolg van sterk kompressiekragte van binne | F | Mantel |
| 1.2.7 | Die laag gesmelte materiaal rondom die Aarde se kern | G | Kwartsiet |
| 1.2.8 | ŉ Metamorfiese gesteente wat uit sandsteen gevorm word, wat veral bestand teen erosie is | H | Plooiing |
| | | I | Batoliet |

(8 x 1) (8)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat osoon-uitputting aantoon.

1.3.1 Definieer die term *osoon-uitputting*. (1 x 1) (1)

1.3.2 In watter laag van die atmosfeer is osoon gekonsentreerd? (1 x 1) (1)

1.3.3 Waarvoor staan die akroniem CFC? (1 x 1) (1)

1.3.4 Identifiseer DRIE oorsake van osoon-uitputting in FIGUUR 1.3. (3 x 1) (3)

1.3.5 Beskryf EEN manier hoe die uitputting van die osoonlaag mense sal affekteer. (1 x 2) (2)

1.3.6 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek volhoubare strategieë (maniere) om osoon-uitputting te verminder. (4 x 2) (8)

1.4 Verwys na FIGUUR 1.4, wat ŉ wolktipe illustreer.

1.4.1 Benoem **A** en **B** op die diagram as onderskeidelik warm lug en koue lug. (2 x 1) (2)

1.4.1 Identifiseer die tipe wolk in FIGUUR 1.4. (1 x 1) (1)

1.4.3 (a) Word hierdie wolktipe met *sneeu* of *weerlig* geassosieer? (1 x 1) (1)

(b) Regverdig jou antwoord in VRAAG 1.4.3(a) deur TWEE redes te verskaf. (2 x 2) (4)

1.4.4 Donderstorm is ŉ ander vorm van neerslag. Bespreek EEN positiewe en TWEE negatiewe impakte van donderstorms op mense en die omgewing. (3 x 2) (6)

1.5 Lees die uittreksel oor aardbewings in FIGUUR 1.5, noukeurig deur.

1.5.1 Verskaf ŉ geomorfologiese term vir die volgende:

(a) Die vibrasie in die aardkors as gevolg van skielike bewegings van die kors langs ŉ verskuiwing.

(b) Die punt op die aardoppervlakte onmiddellik bo die fokus van ŉ aardbewing. (2 x 1) (2)

1.5.2 Gee die grootte van hierdie aardbewing en die aantal mense wat gesterf het. (2 x 1) (2)

1.5.3 Watter instrument word gebruik om die grootte van ŉ aardbewing te meet? (1 x 1) (1)

1.5.4 Verduidelik waarom die meeste aardbewings langs plaatgrense voorkom. (1 x 2) (2)

1.5.5 Beskryf kortliks die negatiewe resultate of skade wat deur die aardbewing in Kashmir, veroorsaak is. (2 x 2) (4)

1.5.6 Bespreek waarom minder ontwikkelde lande nie in staat is om aardbewings te hanteer as meer ontwikkelde lande nie. (2 x 2) (4)

1.6 Verwys na FIGUUR 1.6 wat die struktuur van die aarde aantoon.

1.6.1 Noem die lae wat **X**, **Y** en **Z** genommer is. (3 x 1) (3)

1.6.2 Kopieer die tabel hieronder en vul die volgende dikte in vir elke laag om dit te voltooi. 1 200 km, 5 tot 90 km en 1 200 km.

| **LAAG** | **DIKTE** |
|---|---|
| **X** | |
| **Y** | |
| **Z** | |

(3 x 1) (3)

1.6.3 Is daar 'n vermindering of vermeerdering van temperatuur soos jy vanaf laag **Y** na laag **Z** beweeg? (1 x 1) (1)

1.6.4 Laag **Z** bestaan uit TWEE lae. Noem hierdie TWEE lae. (2 x 1) (2)

1.6.5 Verduidelik hoe laag **X** vulkaniese aktiwiteit tot gevolg het. (1 x 2) (2)

1.6.6 Beskryf TWEE maniere waarop die laag gemerk **Z** belangrik vir die mens is. (2 x 2) (4)

**[75]**

**VRAAG 2**

2.1 Verskeie opsies word as antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 D.

2.1.1 Watter van die volgende is nie ŉ kweekhuisgas nie?

A Metaan
B CFK
C Koolstofdioksied
D Suurstof

2.1.2 Inkomende son-radiasie word, … genoem.

A konveksie
B insolasie
C refleksie
D geleiding

2.1.3 Die warm seestroom wat langs die ooskus van Suid-Afrika aangetref word, is die … -seestroom.

A Indiese
B Benguela
C Mosambiek
D Kuroshio

2.1.4 Wolke van groot vertikale uitbreiding is ... -wolke.

A cumulo-stratus
B cumulo-nimbus
C cirrus
D strato-cumulus

2.1.5 Lyne wat plekke met dieselfde druk verbind.

A Isoterme
B Isobare
C Lengtelyne
D Breedtelyne

2.1.6 Die lag in die atmosfeer waar daar ʼn inversie van temperatuur verhoging voorkom, is die …

A troposfeer en termosfeer.
B mesosfeer en stratosfeer.
C stratosfeer en termosfeer.
D troposfeer en mesosfeer.

2.1.7 Konveksiereën is die tipe reënval wat oor die algemeen in die … provinsie, in die somer voorkom.

A Vrystaat
B Wes-Kaap
C Oos-Kaap
D Gauteng

2.1.8 Waterstof is vog in die atmosfeer, is sy … vorm (toestand).

A vloeibare
B gas
C soliede
D kondensasie (8 x 1) (8)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat verskeie stollingsintrusies aantoon.

2.2.1 Noem die stollingsintrusies wat deur die letters **A, B**, **C** en **D** as ʼn gang, plaat, batoliet en lakkoliet aangetoon word. (4)

2.2.2 Noem die proses wat verantwoordelik is vir die blootstelling van intrusiewe stollingsverskynsels op die aardoppervlakte. (1)

2.2.3 Watter letter stel ʼn vulkaniese pyp voor? (1)

2.2.4 Noem EEN intrusiewe stollingsverskynsel wat met graniet geassosieer word. (1)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat ʼn reënvaltipe illustreer.

2.3.1 Is die reënval wat deur FIGUUR 2.3 voorgestel word, konveksie reënval of frontale reënval? (1 x 1) (1)

2.3.2 Verskaf die naam van die grens tussen warm lug en koue lug. (1 x 1) (1)

2.3.3 Identifiseer warm lug en koue lug in FIGUUR 2.3 as dalende of stygende lug onderskeidelik. (2 x 1) (2)

2.3.4 (a) Sal wolke by **X** of **Y** heelwaarskynlik vorm? (1 x 1) (1)

(b) Regverdig jou antwoord in VRAAG 2.3.4 (a) deur EEN bewys te verskaf. (1 x 2) (2)

2.3.5 In ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe en negatiewe impak van die reënvaltipe genoem in VRAAG 2.3.1 in die Wes-Kaap provinsie. (4 x 2) (8)

2.4 Lees die gevallestudie in FIGUUR 2.4 noukeurig deur, wat handel oor die droogte in Ethiopië as gevolg van klimaatsverandering.

2.4.1 Definieer die term *droogte*. (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem TWEE menslike oorsake van droogtes uit die gevallestudie. (2 x 1) (2)

2.4.3 Verskaf TWEE gevolge van die droogte op die mense van Ethiopië. (2 x 2) (4)

2.4.4 Droogte is ’n bedreiging vir die omgewing. Bespreek TWEE bewyse uit die gevallestudie om hierdie stelling te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.5 Beskryf TWEE volhoubare strategieë wat in plek gestel kan word om droogte te bestuur. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer die uittreksel in FIGUUR 2.5 oor ’n tsoenami.

2.5.1 Onderskei tussen ’n *tsoenami* en ’n *aardbewing*. (2 x 1) (2)

2.5.2 Noem TWEE lande, buiten Suid-Afrika, wat deur hierdie tsoenami geraak is. (2 x 1) (2)

2.5.3 Gee die totale getal mense wat in Suid-Afrika gesterf het. (1 x 1) (1)

2.5.4 Verduidelik hoekom Suid-Afrika minder sterftes gehad het in vergelyking met ander lande wat deur hierdie tsoenami geraak is. (1 x 2) (2)

2.5.5 Bespreek die belangrikste gevare (bedreigings) vir die oorlewendes van die tsoenami in Sumatra. (2 x 2) (4)

2.5.6 Stel TWEE metodes voor wat in hierdie lande gebruik kan word om die impak van ’n tsoenami te verminder. (2 x 2) (4)

2.6 Verwys na FIGUUR 2.6, wat Laurasië en Gondwanaland 200 miljoen jaar gelede illustreer.

2.6.1 Al die vastelande en aangrensende watermassas word in tektoniese plate verdeel. Wat is ŉ *plaattektoniek*? (1 x 1) (1)

2.6.2 Watter teorie word in FIGUUR 2.6 geïllustreer? (1 x 1) (1)

2.6.3 Watter vasteland in Gondwanaland is deel van beide die suidelike en noordelike halfrond? (1 x 1) (1)

2.6.4 (a) Noem TWEE kontinente wat Laurasië gevorm het. (2 x 1) (2)

(b) Noem DRIE kontinente wat Gondwanaland gevorm het. (3 x 1) (3)

2.6.5 Wat was die naam van die enkele vasteland wat voor Laurasië en Gondwanaland bestaan het? (1 x 1) (1)

2.6.6 Verskaf DRIE bewyse wat daarop dui dat kontinente voorheen almal ŉ enkele landmassa was. (3 x 2) (6)

**[75]**

## AFDELING B: BEVOLKING EN WATERHULPBRONNE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, MOET jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

### VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies om die stelling waar te maak. Skryf SLEGS die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 (Waterverspreiding / Reënvalverspreiding) is die verspreiding van reënval oor ŉ gebied.

3.1.2 Die proses waar vloeistof in ys verander, is (vries / smelt).

3.1.3 (Ontsouting / Sublimasie) is die proses om soutwater na vars water te verander.

3.1.4 Die proses van wateropname deur plante, die oordrag van die water deur die plant en vrystelling na die atmosfeer is (transpirasie / verdamping).

3.1.5 (Infiltrasie / Afloop) is die proses waar water in die grond insypel.

3.1.6 Die meeste neerslag gebeur oor die (riviere / oseane).

3.1.7 (Mariene-besoedeling / Grondbesoedeling) is die besoedeling van die oseane. (7 x 1) (7)

3.2 Pas die term / konsep in KOLOM A by die korrekte toepaslike beskrywings in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende nommer in jou ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.9 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.2.1 | Geboortekoers | A | Die manier waarop mense oor ŉ gebied versprei word |
| 3.2.2 | Bevolkingsdigtheid | B | Die aantal sterftes per 1 000 van die bevolking per jaar |
| 3.2.3 | Sterftekoers | C | Aantal kinders wat sterf voordat hulle ouderdom 5 bereik |
| 3.2.4 | Lewensverwagting | D | Die aantal babas gebore per 1 000 van die bevolking per jaar |
| 3.2.5 | Kindersterftesyfer | E | Die aantal mense per vierkante km |
| 3.2.6 | Groeikoers | F | ŉ Persoon wat na 'n vreemde land beweeg |
| 3.2.7 | Bevolkingsverspreiding | G | Bereken deur die verskil tussen geboortesyfer en sterftesyfer te bepaal |
| 3.2.8 | Vrugbaarheidskoers | H | Gemiddelde aantal jare wat 'n mens kan verwag om te lewe |
| | | I | Gemiddelde aantal kinders per vrou |

(8 x 1) (8)

3.3 Bestudeer die artikel in FIGUUR 3.3 oor die bevolking van Suid-Afrika.

3.3.1 Definieer die term *bevolking*. (1 x 1) (1)

3.3.2 Wat was Suid-Afrika se bevolking in 2001 en 2015 onderskeidelik? (2 x 1) (2)

3.3.3 Noem die provinsie met die laagste bevolking en die aantal mense wat in hierdie provinsie woon. (2 x 1) (2)

3.3.4 Lewer kommentaar op die neiging van 2001 tot 2016 in die artikel aangaande die bevolking van Suid-Afrika. (1 x 2) (2)

3.3.5 Bespreek TWEE negatiewe impakte wat die verhoogde bevolkingsgroei op natuurlike hulpbronne van die land getoon het. (2 x 2) (4)

3.3.6 Stel enige TWEE strategieë voor wat ingestel kan word om bevolkingsgroei in Suid-Afrika te bestuur. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat die MIV/Vigs infeksiekoers per provinsie illustreer.

3.4.1 Skryf die akroniem Vigs volledig uit. (1 x 1) (1)

3.4.2 Noem TWEE simptome wat ervaar kan word deur mense wat MIV/Vigs opgedoen het. (2 x 1) (2)

3.4.3 Lys provinsies met die hoogste en laagste infeksiekoers onderskeidelik. (2 x 1) (2)

3.4.4 Suid-Afrika is een van die lande met die hoogste MIV/Vigs infeksiekoers. Verduidelik EEN faktor wat tot hoë infeksiekoers in ŉ land soos Suid-Afrika bydra. (1 x 2) (2)

3.4.5 Stel TWEE maniere voor waarop MIV van een persoon na ŉ ander oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.4.6 Stel die beste strategieë voor om die vernedering (skaamte) te verminder wat mense met MIV/Vigs ervaar. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer FIGUUR 3.5 noukeurig, wat inter-bekkenverplasing van water illustreer.

3.5.1 Verduidelik wat met *waterverplasing* bedoel word. (1 x 1) (1)

3.5.2 Noem EEN munisipaliteit en die provinsie wat by hierdie waterverplasing baat. (2 x 1) (2)

3.5.3 Gee TWEE aktiwiteite waarvoor water in hierdie munisipaliteite gebruik word. (2 x 1) (2)

3.5.4 Verduidelik hoe water vanaf die Groot Vis-rivierkom na die Sondags rivierkom oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.5.5 Daar is ŉ toename in vraag na water in Suid-Afrika, maar die verskaffing van bruikbare water neem af.
Bespreek DRIE menslike en fisiese faktore wat die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika beïnvloed. (3 x 2) (6)

3.6 Verwys na FIGUUR 3.6 en beantwoord die vrae wat volg.

3.6.1 Gee die geskikte term wat elektrisiteit wat uit water gegenereer word, beskryf. (1 x 1) (1)

3.6.2 Is water ŉ hernubare of nie-hernubare hulpbron? (1 x 1) (1)

3.6.3 Waaarvoor word water in FIGUUR 3.6 gebruik? (1 x 1) (1)

3.6.4 Verskaf TWEE ander voorbeelde van hoe landelike gemeenskappe hul waterhulpbronne gebruik, uitgesonderd die een wat in FIGUUR 3.6 geïllustreer word. (2 x 1) (2)

3.6.5 Verduidelik kortliks hoe grondwater tot die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika bydra. (1 x 2) (2)

3.6.6 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel voor hoe individue volhoubaar water in die huis, in die tuin en in die gemeenskap, kan bespaar. (4 x 2) (8)

**[75]**

## VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte antwoord uit die lys hieronder wat met die stellings (4.1.1–4.1.7) ooreenstem. Skryf slegs die korrekte woord langs elke vraagnommer neer. byvoorbeeld 4.1.8 piramide.

| Immigrasie; emigrasie; vrywillige migrasie; stootfaktor; trekfaktor, vlugtelinge; xenofobie |
|---|

4.1.1 Dit moedig mense aan om uit ŉ van spesifieke gebied te beweeg.

4.1.2 Die vrywillige beweging van mense vanaf een plek na ŉ ander.

4.1.3 Wanneer mense na ŉ nuwe land beweeg.

4.1.4 Mense verlaat hul huise en vlug na 'n ander land uit vrees vir hul lewens.

4.1.5 Onredelike vrees, wantroue en haat teenoor buitelanders.

4.1.6 Wanneer mense uit 'n land beweeg.

4.1.7 Dit lok mense na ŉ gebied. (7 x 1) (7)

4.2 Beskryf die hidrologiese siklus deur die korrekte woord(e) tussen hakies in die volgende paragraaf te kies. Skryf die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) en die korrekte woord langsaan.

Die meeste water verdamp uit 4.2.1 (oseane / riviere) om vogtige lug te vorm. Vogtige lug word landwaarts gedruk, vanaf ŉ 4.2.2 (hoë druk / lae druk) oor die see na ŉ 4.2.3 (hoë druk / lae druk) oor die land. Wanneer die 4.2.4 (droë / klam) lug opwaarts gedwing word, kondenseer dit en 4.2.5 (wolke / afloop) sal vorm. 4.2.6 (Neerslag / Perkolasie) vind plaas en die water beland op die aardoppervlak. Water dreineer in riviere en dit word 4.2.7 (oppervlakafloop / basisvloei) genoem. Soos die water infiltreer, sal die watertafel 4.2.8 (styg / daal). (8 x 1) (8)

4.3 Lees die gevallestudie in FIGUUR 4.3 noukeurig voordat jy die vrae wat volg beantwoord.

4.3.1 Gee die geografiese term wat die beweging van die Tsitsa-familie, van die een plek na die ander, die beste beskryf. (1 x 1) (1)

4.3.2 Kies die korrekte woord in verhouding tot die Tsitsa-familie se hervestiging van Suid-Afrika na Engeland.

(a) Streek / Internasionaal

(b) Vrywillige / Gedwonge

(c) Permanent / Tydelik (3 x 1) (3)

4.3.3 Verduidelik waarom die Tsitsa-familie uit Suid-Afrika verhuis het. (1 x 1) (1)

4.3.4 Bespreek TWEE trekfaktore wat die Tsitsa-familie na Engeland aangetrek het. (2 x 2) (4)

4.3.5 Stel DRIE negatiewe impakte voor op die Tsitsa's se plek van herkoms (Suid-Afrika) as gevolg van vrywillige migrasie. (3 x 2) (6)

4.4 Lees die gevallestudie in FIGUUR 4.4 noukeurig deur voor jy die vrae wat volg, beantwoord.

4.4.1 Definieer die *demografiese oorgangsmodel*. (1 x 1) (1)

4.4.2 Identifiseer die stadium waar die geboortesyfer hoog is en sterftesyfers vinnig daal. (1 x 1) (1)

4.4.3 Dui die stadium aan waar beide die sterftesyfer en geboortesyfer laag is. (1 x 1) (1)

4.4.4 Vergelyk die vlak van geboortesyfer en vlak van sterftesyfer in stadium 1. (1 x 2) (2)

4.4.5 In stadium 2 begin die sterftesyfer vinnig daal. Stel TWEE redes voor om te motiveer waarom dit die geval is. (2 x 2) (4)

4.4.6 In stadium 3 begin die geboortesyfervlakke te normaliseer namate die bevolkingsgroeikoers daal. Bespreek DRIE faktore wat geboortesyfers beïnvloed. (3 x 2) (6)

4.5 Bestudeer FIGUUR 4.5 sorgvuldig.

4.5.1 Definieer die term *oorbevissing*. (1 x 1) (1)

4.5.2 Gee TWEE redes wat oorbevissing veroorsaak. (2 x 1) (2)

4.5.3 Verskaf TWEE negatiewe gevolge van oorbevissing op mense en die omgewing. (2 x 2) (4)

4.5.4 'Die oseane is een van ons grootste hulpbronne vir die lewe.' In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die belangrikheid van oseane in mense se lewens. (4 x 2) (8)

4.6 Lees die uittreksel in FIGUUR 4.6 noukeurig voordat jy die vrae wat volg, beantwoord.

4.6.1 Noem die land wat deur oorstromings in die uittreksel, geraak word. (1 x 1) (1)

4.6.2 Watter land is versoek om die geaffekteerde land te help? (1 x 1) (1)

4.6.3 Noem die organisasie wat na die oorstroomde gebied ontplooi is om hulp aan mense te bied. (1 x 1) (1)

4.6.4 Verduidelik hoekom daar na die huise wat in FIGUUR 4.6 geïllustreer word, as 'informeel' verwys word. (1 x 2) (2)

4.6.5 Verskaf TWEE voorbeelde van swak infrastruktuur wat gelei het tot ontoeganklikheid in die gebied wat deur oorstromings geraak word. (2 x 2) (4)

4.6.6 Stel DRIE strategieë voor om die impak van oorstromings in die informele nedersetting te verminder. (3 x 2) (6)

**[75]**

**GROOTTOTAAL: 225**

Kopiereg voorbehou